12 Januarie 2025

# Polsslag

Rom. 12: 2



Gereformeerde Kerk Benoni

## Adres

24b Miles Sharpstraat,
Rynfield, Benoni, 1514

## Kerkkantoor ure

Maandag – Vrydag:
09:00 – 16:30

## Predikant

Ds. Rynhardt Pretorius
074 944 7769

## Pastorale berader

Ds. Louis Buys
082 927 2034

## Kontakbesonderhede:

Kerkkantoor:
011 849 2054
063 640 9304

admin@gkbenoni.co.za

www.gkbenoni.co.za

**Kontak ons gerus by die kerkkantoor vir enige navrae, versoeke vir huisbesoeke en/ of siekebesoeke.**

**KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY DIE KERKKANTOOR TUSSEN 9:00 EN 16:00 VAN DINSDAE TOT VRYDAE**

# Wees 'n vreugde ambassadeur vir die koninkryk

***Helena Smith***

Jare gelede het die gospelduo, *Prophet*, 'n liedjie gesing met die naam *Suurtier*. Aan die begin van die musiekvideo sien 'n mens die kerkgangers met lang gesigte kerk toe gaan. Hulle sing: "Ek is 'n suurtier, maar ek is darem hier. Ek kan nie lag nie, want ek het nie krag nie." Dit is baie hartseer, maar ongelukkig waar. Kyk maar na jouself en mede-Christene. Soms kan ons maar suurtiere wees!

Miskien moet ons in 2025 'n kopskuif maak om minder van 'n kommerkous en 'n suurtier te wees. Miskien moet ons elke dag begin met Psalm 118: 24: "Dit is die dag wat die Here gemaak het. Laat ons daaroor juig en bly wees." Wees bly vir nog 'n dag, wat aan jou lewe toegevoeg is. Wees bly vir nog 'n kans om 'n verskil te in iemand anders se lewe te maak. Jy het nog 'n kans om reg te maak, waar jy verbrou het.

Dit is belangrik om te onthou dat geluk en vreugde nie dieselfde is nie. Geluk is iets vir die oomblik en van verbygaande aard. Vreugde is 'n hartstoestand. Vreugde kom, wanneer ons van God se genade en guns bewus word. Jy ervaar ware vreugde, wanneer jy besef hoe lief God jou het en hoe duur Jesus vir jou verlossing aan die kruis betaal het. Jy ervaar vreugde, wanneer jy besef dat God jou telkens nog 'n kans gee.

Vreugde is iets waarna ons almal verlang, maar soms lyk dit asof dit buite ons bereik is. Die lewe gebeur en ons almal beleef soms vreugdelose tye. Selfs die vroom Job wens in Job 3:11 dat hy nooit gebore was nie. Hoe kan ons as Christene in 'n wêreld vol seer, teleurstelling en ontnugtering dan vreugde beleef?

Ek glo vas dat hoe meer tyd jy in God se teenwoordigheid deurbring, hoe meer bewus sal jy van God se goedheid en krag word. Dit is belangrik om op God te fokus en nie die dinge wat ons vreugde steel nie. Hoe nader jy aan die Here leef en doelgerig op Sy goedheid fokus, hoe meer vreugde sal jy beleef. In Johannes 15 lees ons dat een van die sleutels tot vreugde is om in gehoorsaamheid aan God te leef.

Dit is lekker om te weet dat God ander mense vir ons gegee het. Ons staan nie alleen nie. Ons is daar om mekaar se laste te dra en te versterk. Vind vreugde in jou verhoudings met ander mense. Ondersteun en bemoedig hulle en weet dat hulle ook daar is om jou by te staan in moeilike tye.

Henri Nouwen het geskryf: "Joy does not simply happen to us. We have to choose joy and keep choosing it every day". Vreugde is 'n handelsmerk van die Christen se lewe. Wees 'n vreugde-ambassadeur vir die Koninkryk!

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

**Buitedeur kollekte vandag:**

**Teologiese Studente Hulpfonds**

Snap here to pay

**SKAKEL**

**Kollektes 15 Desember tot 5 Januarie**

**Diens van barmhartigheid: R15 681**
**Snapscan: R13 350**

**Expando: R 1499.96**
**Arso: R 1567.45**
**Bybelgenootskap: R 2266**
**Emeritaatsversorging: R 1461.45**

## Kerkkas:

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 220 340 333
**Verwysing**: Volle Naam, Van & Doel

**Bankbesonderhede: Diens van barmhartigheid:**

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 022 028 0004
**Takkode:** 632005
**Verwysing**: Diens van Barmhartigheid

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID:**

Snap here to donate

**SKAKEL**




In die gedeelte wat ons saamgelees het sien ons mense tot ekstreme uiterstes gaan om 'n verlamde man by Jesus uit te kry. Wanneer Jesus hierdie man sien, dan ignoreer Jesus sy verlamming en spreek eerste sy groter nood aan. Sy sonde want in die sonde is die mens nie net verlam nie, maar dood. Dan vergewe die Here hom!

Aan die kern van die Goeie nuus van Jesus is vergifnis! Dit is wat die offer van Jesus aan die kruis vir ons verwerf, vergifnis tussen God en mens oor die sonde van mense. Dit is vanuit hierdie vergifnis wat gelowiges se hele lewe vloei en ontspring. Omdat jy vergewe is deur God, word jy aangeneem as sy kind, `n erfgenaam van sy koninkryk en iemand wat binne sy soewereine trou in die vrede van sy volmaakte beheer kan lewe.

Ons moet erken dat vergifnis is rykdom want dit wat daaruit vloei is ongelooflik en lewegewend. Om vry te raak in Jesus maak ons nuut, tel ons op en stuur ons ook uit! Mense wat in Jesus vergewe word vir hulle sonde is mense wat daardie vergifnis ook gaan uitleef. Ons gesels saam oor hoe ons dit doen!




Niemand van ons hou daarvan om ongemaklik te voel nie, doen ons? Daar is verskillende dinge wat 'n mens laat ongemaklik voel en baie van daardie ongemaklikheid is goed en ons moet teen dit skerm. Daar is wel ongemak waarvan ons nie moet wegskram nie, dit is die ongemak wat ons beleef wanneer ongesonde gemaksones uitgedaag word. Een van daardie ongesonde gemaksones is die agteruitgang in ons verhouding met God wanneer ons in die uitleef daarvan stagneer!

In die gedeelte wat ons saamgelees het sien ons iets van die jare en jare se agteruitgang oor die gemaksones van gelowiges, agteruitgang wat uiteindelik totale verval te wee gebring het. Vir jare en jare is die Israeliete in agteruitgang binne hulle verhouding met God oor hulle in stagnasie verval en daardie verval hulle in morele verval laat beland.

Josia is 'n koning wat die Here vrees en dien en hierdie verval in die volk wil omdraai deur die bediening van die wil van die Here aan die mense. Nie net ongemaklik nie, maar totaal verpletter skeer hy sy klere oor hy die verval van die volk, gemeet aan die Woord van die Here, raaksien. Hierdie ongemak lei tot aksie, hy begin dinge verander en verbeter. Hy breek af en bou, die Here word geëer in die groei uit verval na vernuwing!

*Nuwe kinderblaadjies sal weer van 19 Januarie af beskikbaar wees*

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**12 Januarie**
Leah van der Merwe #

**13 Januarie**
Lennard Marchand #
Ina van Eeden *
Ilse Watt
Lynette Wiggett

**14 Januarie**
Ruben Loock #

**16 Januarie**
Anin Duvenage

**17 Januarie**
Henny Bolt ***
Zanlie Calitz
Etienne Johnson

**18 Januarie**
Linné Botha #
Kayleigh Höll #
Corné Loock
Kaitlyn Salomons #

***Dooplidmaat #***
***≥70 * ≥80 *****
***≥90 ******

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN EN BEWAAR IN DIE KOMENDE LEWENSJAAR!**

## KOINONIA

- Dick van Wyk is ontslaan uit die hospitaal om verder tuis versorg te word.
- Corné Ebersohn het die afgelope week ‘n elmboog operasie ondergaan en herstel tuis.
- Owen Shaw Jr het ‘n voetbesering in Desember opgedoen en die wond moes weer afgelope week in die teater skoongemaak word.
- Hannatjie Stevens was in Linmed behandel en het verskeie toetse ondergaan.




## 2025 Almanakke


Die GKSA 2025 Almanakke is teen R130 beskikbaar by Lidia Venter.




## 2025 Kerkkalender

A4 en A5 swart en wit kalenders is gratis beskikbaar in die voorportaal. Neem gerus een per gesin.

**A4 kleur fotokalenders** is beskikbaar teen bestelling vir **R60**. Kyk gerus na voorbeelde in die voorportaal.
Bestellings sal tot **19 Januarie** geneem word.




Bestellings word by
**Lidia Venter**
(063 640 9304) gemaak.
Betaling bevestig jou bestelling.

## 2025 Preektema handleiding

Die Preektema handleidings word in die komende week elektronies versprei.

Vir harde kopieë is pryse as volg:
A5 @ R35
A4 @ R60
Bestellings sal tot **19 Januarie** geneem word.

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

## BELANGRIKE DATUMS HIERDIE MAAND

**19 Januarie**
Katkisasie opening
Leierskapsopleiding en braai (diakens, ouderlinge en gesinne)

**22 Januarie**
Palms Nuwejaarsfunksie
Blokvergaderings: Blok A, C, D & E

**26 Januarie**
Katkisasie

**27 Januarie**
Bybelskool opening

**29 Januarie**
Blokvergaderings: Blok B en F













**PASTORALE BERADINGSKURSUS WOEDE AS 'N DESTRUKTIEWE MAG – PASTORALE PERSPEKTIEWE**

Zoom aanbieding Prof Wentzel Coetzer
Kursus oop vir almal
**Dinsdag 4 Februarie 2025**
**Tyd**: 09.00 – 13.00
**Koste**: R275 pp
Handboek te koop (opsioneel): R370 (R250 plus R120 koerier koste)
**Navrae**: 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com
Dis ook moontlik om te registreer en die kursus op 'n later datum te volg.
**Registrasievorm**: https://forms.gle/2GoE56NrEwsGWvyN6



*U word hartlik uitgenooi na die*

# SUSTERSAAMTREK 2025

***TEMA: JULLE IS 'N BRIEF VAN CHRISTUS (2 Kor 3:3)***

**DATUM:** DV Saterdag 8 Maart 2025
**TYD:** Registrasie open 08:00, funksie begin 09:00
**PLEK:** Dalpark Kaleo Gemeente (Boekenhoutst, 22 Dalpark, Brakpan)

**SPREKER:** Liesel Krause Wiid
**GASKUNSTENAAR:** Musikale Ensemble

**KOSTE:** R180 p/persoon
**RSVP:** Voor of op 20 Februarie 2025 (gelde betaalbaar voor of of 27 Februarie 2025)

**NAVRAE:** Mariana Kruger (083 709 9973) of Marietjie van Jaarsveld (066 529 0837)

# Help give God's Word to God's people! 2025



## GO!

During a Bible placement, you will travel to some of the most hidden and beautiful regions, all while visiting newly planted churches, praying with fellow believers, and handing them their very first Bible.

## 1,000 BIBLES FOR LESOTHO

| WHERE | WHEN | GOAL |
|---|---|---|
| **Lesotho** | 24 - 27 January 2025 | 1,000 Sotho Bibles |

Please be aware that dates and locations may change at any time if there are extenuating circumstances, but you will be kept informed should that happen, and rearrangements can be made.



**"Whom shall I send? And who will go for us?"**
Isaiah 6:8

## Pray

Whether you join in person or not, we invite you to pray with us. Cover the practicalities of the trip in prayer and pray for every believer who will receive a copy of God's Word.

## Give

The financial support of friends like you is vital to help achieve this mission. Prayerfully consider a gift of R4,000 today, to help plant a church, train a pastor, and deliver a box of Bibles to the newly planted church.

**Details for Direct Deposits**
Harvesters Ministries, ABSA Bank
Westgate (Branch code: 632005),
Account no: 4075041297
Reference: LM/ML/Name

**OR** Give ONLINE
www.harvestersministries.com

**OR** scan below to give ...

zapper | SnapScan



"With this new Bible, I will not only read it for myself, but at the same time I will help other people to come to Christ"
Pastor Kate Molly, Uganda

## Contact Us

Leon Marais: 0824168144 – leonmb4b@gmail.com
André Jooste: 0828517505 – andre@harvestersministries.com

Harvesters MINISTRIES